Tema: Die triomf van Koning Jesus se intog in Jerusalem - jubel jy saam oor Christus?

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps 110 - 3: 1, 3
Sb 1 - 6: 1, 3
Sb 4 - 6: 1 2

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Ps 24 - 1: 1, 4, 5
Votum
Seën
Loflied Ps 118 - 1: 1, 13
Geloofsbelydenis: Sing Sb 12 - 3: 1, 2

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eks 20 - fokus op die Vierde gebod met HK Sondag 38
Sing Ps 2 - 1: 4, 6 (2 de Mel)
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Sagaria 9: 9 - 10
Lukas 19: 28 - 40
Teksverse: Lukas 19: 30 - 32
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Bevestiging van diaken – Divan Greyling
Sing Ps 134 - 1: 4

Slotsang Sb 18 - 1: 1, 2
Seën
Amenlied: Sb 13-2

Geliefde brs en srs en kinders

Reeds by Jesus se geboorte was dit duidelik dat die baba in die krip meer is as net ŉ nog babaseuntjie wat in Bethlehem gebore is, Hy was ŉ koning! Die sterrekykers uit die ooste kom soek na die Koning van die Jode wie se ster hulle gesien het en bring vir Hom geskenke om Hom te vereer! Reeds toe was dit duidelik!

Aan die begin van Jesus se openbare optrede word Hy in die woestyn versoek en bied Satan vir Hom op bedrieglike wyse die koningskap oor die wêreld aan as Hy voor Satan sou buig. Christus weier want Hy weet daar is geen maklike en ander manier om sy Koningskap te bevestig as deur die pad te loop wat sy Vader vir Hom voorberei het nie.

Dwarsdeur sy bediening sien mens die koningskap van Jesus op verskillende maniere deurbreek. Die wyse waarop Hy duiwels uitdryf en hoe die duiwels in vrees vir Hom vlug! Die wonderwerke wat Hy doen bevestig dat hierdie Jesus van Nasaret meer is as net nog ŉ profeet. Hy kan dooies opwek tot die lewe en mense gesond maak! Op ŉ keer – nadat hy duisende mense met twee brode en vyf vissies – kos gegee het, wou die skares Hom tot koning verklaar, maar Jesus het dit telkens afgewys.

Meer nog! Vele kere nadat Hy mense op wonderbaarlike wyses gesond gemaak en tot geloof gelei het, het Hy hulle beveel om dit vir niemand te vertel nie! Hoekom? Want Jesus het geweet dat die openbaring van sy koms as die Messias-Koning van Israel die finale konfrontasie met die Joodse leiers tot gevolg sal hê! Daarom het Jesus telkens na konfrontasie met die Joodse leiers, Jerusalem verlaat en in Galilea sy werk gaan voortsit!

Maar nou, op hierdie Sondagoggend van die laaste week voor sy kruisiging, kies Jesus doelbewus om Homself baie duidelik te openbaar as die beloofde Messias-Koning! Hy is die Verlosser-Koning wat gekom het om sy volk te verlos! Hy is die Een van wie die profete in die Ou Testament geprofeteer het en op wie die Joodse volk met verlange gewag het. Die tyd vir die finale konfrontasie is nou hier – nou sal sy Koningskap duidelik word – maar nie op die wyse waarop die volk gehoop het nie!

Dit was tyd vir die Paasfees in Jerusalem en Jesus reis saam met honderde ander mense na Jerusalem om daar die Paasfees te gaan vier. Daar was alreeds duisende besoekers in Jerusalem en daar heers ŉ opgewonde gees want die Pasga of Paasfees was die grootste godsdienstige fees van die Jode. Midde hierdie feestelike atmosfeer wil Jesus Homself as Koning openbaar!

Brs en srs, alles wat hier in ons teksgedeelte gebeur, spreek van Jesus se koninklike mag en eer. Terwyl hulle op pad was na Jerusalem stuur Hy twee van sy dissipels om vir Hom in Betfage ŉ rydier te gaan haal waarmee Hy Jerusalem kan binne ry! In sy goddelike en koninklike alwetendheid weet Hy van die donkiemerrie en haar

hingsvulletjie wat vasgemaak staan net soos jy Betfage inkom! Hulle moet die hingsvulletjie vir Hom bring want niemand het nog ooit op hom gery nie! Hy is as’t ware rein en onbevlek - gereed vir die Messias-Koning om op te ry.

En koninklik gee Jesus die bevel: as die eienaars vra waarom hulle die jong donkie vat – dan moet hulle antwoord: “Die Here het hom nodig” en die eienaars sal hom gewillig laat gaan! Die Here het hom nodig! Die Griekse woorde wat Jesus hier vir Homself gebruik dui sonder twyfel sy koningskap aan: Die Kurios! Hy is die Here, die Messias-Koning! Hy beveel en dit gebeur!

Hy regeer ook oor die diereryk! Hierdie jong donkie was nog nie ingebreek nie! Niemand het hom nog gery nie, maar hy staan gewillig dat die dissipels hulle klere op sy rug sit en Jesus op sy rug klim! Selfs die donkie buig voor Jesus se koningskap in sy gewillige onderwerping aan die Koning!

En wanneer die dissipels hierdie prentjie sien, dan herinner dit hulle aan die woorde van Sagaria 9! Hier is die profesie van Sagaria besig om voor hulle in oë in vervulling te gaan! Daar staan geskrywe: “ 9Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is ’n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op ’n donkie, op die hingsvul van ’n donkie. 10Ek sal die strydwaens in Efraim vernietig, die perde uit Jerusalem uitroei. Die pyl en boog waarmee oorlog gemaak word, sal gebreek word. Die koning sal vrede vir die nasies afkondig en hy sal regeer van see tot see, van die Eufraat af tot in die uithoeke van die aarde.”

Lukas verwys nie na die profesie nie, maar Matteus en Johannes maak dit baie duidelik! Die omstanders het besef wat hier gebeur! Jesus maak die profesie van die Messias-Koning op Homself van toepassing! En hulle begin om Hom te loof en prys en aan Hom koninklike eer te bewys! Die mense gooi hulle klere oop op die pad sodat Jesus daarop kan ry! Die eerbewys aan ŉ koning! Ander mense het groen takke afgebreek en op die pad gegooi as eerbewys!

Hulle begin juig en jubel en roep Jesus koninklike aanhalings uit die Ou Testamentiese profesieë toe! Mense in die stad wat die jubeling en geraas hoor het uit die stad gekom en Jesus met palmtakke toegejuig! Die Koning kom Jerusalem binne.

Die lofsange bevestig die waarheid: Jesus is die Messias-Koning! Hy is die vervulling van God se beloftes dat Hy ŉ koning sal stuur wat sy volk van hulle sondes sal verlos! Hy is ŉ vredes-koning! Hy kom nie om oorlog te maak nie maar om vrede tussen God en mense te bewerkstellig! Daarom ry Hy hy op ŉ donkie! Hy kom nederig – nie om te veg nie – maar om te verlos!

Die skare roep Hom uit Psalm 118 vers 26 toe: “Hosanna!” Dit is ŉ gebed en ŉ lofprysing in een en beteken: red ons tog, o Koning, gee ons Voorspoed! Hulle erken Jesus as die Koning wat deur God gestuur is! Hulle erken dat daar nou vrede sal wees

in die hemel. Matteus noem ook dat hulle Jesus toeroep as die koning oor die koninkryk van Dawid!

Geliefdes, dit is inderdaad so dat die dissipels en die juigende skares op hierdie oomblik nog nie regtig besef het watter tipe Koning Jesus sou wees nie! Daaroor gaan ons vanaand handel! Maar Jesus laat hulle begaan! Vir een keer laat Hy Hom die lofsange en eerbewyse as Koning geval! Want Hy is dit! Hy is die vervulling van God se beloftes aan ŉ verlore mensdom! Al besef hierdie mense dit nog nie – wanneer Hy sy taak en roeping as Vredeskoning vervul het, dan sal hulle dit besef!

Maar hierdie triomfantlike intog in Jerusalem as die Messias-Koning kom Hom toe! Dit gaan oor God en sy getrouheid ten spyte van mense en hulle sonde en onkunde! God wat sy beloftes vervul en Jesus is die vervulling daarvan! Daarom moet daar gejuig en gejubel word!

En wanneer ŉ paar Fariseërs uit die skares Jesus berispe en sê dat Hy die mense moet stilmaak, dan antwoord Hy: “as hulle stilbly, sal die klippe uitroep”! Hierdie eer en hierdie triomfantlike erkenning van Jesus as die beloofde Messias – moet gehoor word! Niemand sal dit kan keer nie!

As Koning sou Hy gevange geneem word en die soldate sou terugdeins! As Koning sou hy voor Pilatus verhoor word toe dié Hom vra: Is jy die Koning van die Jode? Daarop sou Hy bevestigend antwoord: Dit is soos jy sê! Maar my koninkryk is nie van hierdie aarde nie! As koning sou Hy bespottend gemartel en geslaan word met ŉ doringkroon op sy kop en mantel om sy skouers! Die kennisgewing op sy kruis het dit bevestig: Die Koning van die Jode! Daar aan die kruis sou Hy koninklik die Satan oorwin en betaal vir ons sonde!

ŉ Koning wat sy lewe aflê sodat sondaarmense gered kan word en deel kan kry aan die Koninkryk van God! Die koninkryk van die ware en die ewige lewe!

Brs en srs, dit is wat hierdie triomfantlike intog van Jesus in Jerusalem ook vir ons beteken! Ons wat nou kan terugkyk en verstaan wat gebeur het! En weet: ook ons moet jubel en juig oor ons Koning Jesus! Vir ons het Hy gekom – God se trou is ook aan ons bewys – vir ons Hy vrede kom bewerk! Vir ons sonde het Hy betaal en oorwin! Sodat ons deel van God se koninkryk kan wees!

Daarom moet ons saam met die dissipels en saam met die skare voor Hom buig! Kom ons erken sy Koningskap oor ons lewe! Kom ons buig gewillig voor sy bevele soos die eienaars van die jong donkie wat hoor: Die Koning het hom nodig! Kom ons volg die voorbeeld van die jong donkie wat teen sy natuur – homself aan die Koning onderwerp!

Laat ons ook ons klere voor Hom oopgooi! Groen takke afbreek in op die pad gooi en palmtakke gebruik om Hom te vereer! Hoe doen ons dit vandag? Deur ons lewe gewillig en met blydskap aan Hom te onderwerp! Hy is ons Koning en ons Here! Hy regeer oor ons lewe en Hy het die reg daartoe verkry deur sy lewe gewillig en koninklik vir ons af te lê! Ons erken dit en ons eer Hom daarvoor!

Hy sit aan die Regterhand van God en daar regeer Hy oor ons lewe! Kom ons maak ons lewe ŉ loflied aan Hom! Hy het sy Woord, sy wil aan ons bekend gemaak! Kom ons wees aan Hom gehoorsaam met ernstige toewyding en getroue gehoorsaamheid! Dis hoe ons die Here loof en prys! Geen lof is groter as ware gehoorsaamheid en toewyding aan ons Here nie! Die wyse waarop Hy Homself vir ons gegee het eis ernstige toewyding en volle gehoorsaamheid!

Dis hoe die wêreld sal sien dat Jesus ons Koning is! As ons saam met die klippe van Hom getuig! Juis ook nou in hierdie Paastyd! Dat ons getuig van Christus se Koningskap oor ons lewe en dat mense kan sien dat ons Hom dien! Dat ons nie meer vir onsself lewe nie – maar vir Hom!

Want hierdie Koning - wat op Palmsondag Jerusalem so triomfantlik ingery het en die skares tot lof aan eer gebring het - Hy kom weer! Dit het Hy ons belowe! Hy kom weer, maar hierdie keer nie op ŉ donkie nie, maar op ŉ spierwit perd! Dan nie meer as Vredes-Koning nie – maar as die Oorwinnaarkoning - om Satan en sy magte finaal te oorwin en aan ons ook die oorwinning te skenk!

Kom ons loof en ons prys God – vir sy getrouheid aan sy beloftes! Hy het gedoen wat Hy vir eeue beloof het! Die Koning het gekom – ook vir as my Koning en my Here! Hy het vrede bewerk en nou kan ons Hom in vrede dien!

Mag dit nooit gebeur dat ons lofprysinge, ons eerbetoon sou stil raak nie – sodat die klippe dit moet uitroep nie.

Amen